

Aardrykskunde


9. Reis deur die wêreld

9.1 Vastelande

'n Ander naam vir 'n vasteland is 'n kontinent. 'n Vasteland is 'n groot landmassa (aanmekaar stuk land). Op hierdie stuk land het baie volke elk hulle eie land.

Daar is sewe vastelande in die wêreld, naamlik:

1. Noord-Amerika
2. Suid-Amerika
3. Asië
4. Australië
5. Afrika
6. Antarktika
7. Europa




Omdat Antarktika by die Suidpool lê, is die vasteland met ys bedek en heeltemal onbewoonbaar. Antarktika is die enigste vasteland waar mense net tydelik woon. Hulle is wetenskaplikes by weerstasies. SANAE is Suid-Afrika se weerstasie op Antarktika.

Asië is die grootste vasteland en is byna vyf keer so groot soos die kleinste kontinent, Australië. Ons kontinent, Afrika, is die tweede grootste kontinent.

Die grootste groep varswatermere in die wêreld kom hier voor. (Noord-Amerika)

Het natuurlike hawens as gevolg van die oneweredige kuslyn. (Skandinawië)

•60% van die wêreldbevolking bly hier.
•Die Kaspiese See is die grootste binnelandse see in die wêreld.



•Die Angel-waterval is die hoogste waterval in die wêreld.
•Spaans is die mees wydgesproke taal.

Die Nylrivier is die langste rivier in die wêreld.

Die land is heeltemal bedek met ys. (Suidpool)

•Die enigste vasteland wat deur water omring word.
•1/3 van die land is woestyn.

9.2 Oseane

Eintlik is daar net een aaneenlopende oseaan regoor die wêreld, maar dit word in vyf oseane verdeel. Die vyf oseane is:


1. Stille Oseaan
2. Atlantiese Oseaan
3. Indiese Oseaan
4. Arktiese Oseaan
5. Antarktiese Oseaan

Die Stille Oseaan is die grootste. Dit is groter as al die landmassas saam en op sy breedste plek strek dit amper halfpad om die aarde.

Die Arktiese Oseaan word ook soms die Noördelike Yssee genoem. 'n Baie groot deel van hierdie oseaan is permanent bevrore, maar ontvries tans geleidelik.

Die Antarktiese Oseaan is die kleinste van al die oseane en is rondom die kontinent Antarktika (Suidpool). Hierdie oseaan is ook baie koud en is in die wintermaande, veral naby Antarktika, bevrore. Dit word ook die Suidelike Yssee genoem.

10. Ons land se provinsies



10.1 Limpopo

Limpopo is die noordelikste provinsie van ons land. Dit is 'n provinsie met baie mooi natuurskoon. Daar is bosveld, bergreekse, plantasies en woude. Limpopo het baie wildreservate. Die bekendste is die Kruger Nasionale Park.

Daar is al baie argeologiese opgrawings in Limpopo gedoen. Die Makapangrotte is bekend vir hulle fossiele.

Polokwane is die hoofstad van Limpopo. Nog bekende dorpe in Limpopo is Modimolle, Bela-Bela, Makopane en Musina.



10.2 Mpumalanga


Mpumalanga beteken "plek waar die son opkom". Dit lê in die ooste van ons land. Die klein landjie Swaziland is 'n buurstaat van Mpumalanga.

Mpumalanga se natuur is pragtig, met grasvelde en berge. 'n Deel van Mpumalanga word ook die Laeveld genoem. Die hoofstad van hierdie provinsie is



Nelspruit. Ander belangrike dorpe is Ermelo, Witbank, Piet Retief, Graskop en Sabie. Die bekende Bourke's Luck-kolkgate, God's Window, Blyderivierkloof en Sudwala-grotte is deel van hierdie provinsie se pragtige natuurskoon.

Pelgrimsrus is 'n baie interessante dorpie wat ontstaan het in die tyd van die goudstormloop. Vandag is hier nog baie uitgewerkte myntjies en selfs 'n paar waar goud nog ontgin word. Die hele dorpie is byna soos 'n museum. Die provinsie lewer heelwat landbouprodukte (piesangs en talle ander vrugte, asook suikerriet en bosbou).



Wildreservate

10.3 Noordwes



Potchefstroom

Noordwes is geleë in die noordwestelike deel van ons land. Dit is oortrek met mielielande, sonneblomlanderye en bosveld. Hierdie provinsie is bekend vir sy mynbouproduksie (veral platinum), maar het ook verskeie natuurreservate soos Pilanesberg Nasionale Park. Mafikeng is Noordwes se hoofstad en ander belangrike dorpe is Potchefstroom, Klerksdorp, Rustenburg, Stilfontein en Lichtenburg.

10.4 Gauteng

Gauteng is die kleinste provinsie van Suid-Afrika en tog is dit die provinsie met die tweede meeste mense (19% van die land se bevolking). Gauteng is byna net een groot stad. Sy produksie is byna die helfte van die hele land s'n. Gauteng het amper 160 myne en somer baie fabriekke en besighede wat aan mense werk verskaf. Die Vaaldam en Vaalrivier is belangrike waterbronne vir die provinsie.

Johannesburg is die hoofstad van Gauteng. Ander bekende dorpe en stede is Pretoria, Springs, Benoni, Germiston, Boksburg en Cullinan.



Johannesburg

In Gauteng is talle museums soos:

- Johannesburg en Pretoria se stadsmuseums
- Gold Reef City
- Die Krugerhuis en Voortrekkermonument
- Die Sammy Marks-museum en Smutshuis
- Die Kulturhistoriese Museum in Pretoria
- Die Oorlogsmuseum in Johannesburg en nog vele meer. Daar is selfs 'n biermuseum in Johannesburg.



Voortrekkermonument

Die Sterkfonteingrotte (Maralong) is bekend vir die argeologiese ontdekkings wat daar gedoen is. Die provinsie beskik oor talle universiteite, insluitende een van die grootstes in die wêreld, Unisa, asook talle navorsingsinstellings soos die WNNR en die RGN.



Sonneblomveld

10.5 Vrystaat

Die Vrystaat is reg in die middel van Suid-Afrika, met Lesotho as buurstaat. Die Vaalrivier vorm sy grens in die noorde en die Oranjerivier in die suide. In die ooste vorm die Drakensberge 'n groot deel van die grens. Die provinsie se natuur bestaan uit plat, uitgestrekte grasvelde. Dit is 'n belangrike boerderygebied, veral vir mielies.

Bloemfontein is die hoofstad van die Vrystaat en ander bekende dorpe is Kroonstad, Welkom, Sasolburg, Bethlehem en Parys. Daar is twee groot damme: die Vaaldam en die Gariepdam. 'n Baie bekende monument is die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein. Die Golden Gate Nasionale Park is 'n baie bekende natuurreservaat.

10.6 KwaZulu-Natal

KwaZulu-Natal is in die ooste van die land langs die Indiese Oseaan geleë. Ons sê dit is 'n kusgebied. KwaZulu-Natal is 'n subtropiese gebied. Dit beteken die klimaat is lekker warm en klam en plante soos piesangbome, palms en suikerriet groei welig hier. Die warm Benguelaseestroom in die Indiese Oseaan maak die klimaat so lekker warm en klam. KwaZulu-Natal



'n Pragtige kuslyn

word ook die groen provinsie genoem.

Pietermaritzburg is KwaZulu-Natal se hoofstad. Durban en Richardsbaai is die land se grootste hawens. Ander bekende dorpe is Margate, Newcastle, Empangeni en Port Shepstone. Die Drakensberge is ook 'n natuurkenmerk van die provinsie.

KwaZulu-Natal het baie natuurreservate, soos Giants Castle. 'n Bekende geskiedkundige plek is die Bloedriviermonument. KwaZulu-Natal is die provinsie waarin die meeste mense woon.

10.7 Oos-Kaap

Die Oos-Kaap lê teen die Indiese Oseaan en is bekend vir sy strande, bergreekse en woude. In hierdie provinsie is daar verskillende soorte natuurskoon. 'n Deel van die droë Karoo is in hierdie provinsie. Langs die kus is daar welige plantegroei en by die Wildekus is daar woude. 'n Deel van die Drakensberge is ook in die Oos-Kaap.

Die hoofstad van Oos-Kaap is Bisho. Ander belangrike stede en dorpe is Grahamstad, Umtata en Graaff-Reinet, met Port Elizabeth en Oos-Londen as bekende hawestede.



Groot skaapkuddes

Die Bergkwagga Nasionale Park en die Addo-olifant Nasionale Park is bekende reservate. 'n Bekende museum is die Kasteel Heuwmuseum in Port Elizabeth.

10.8 Wes-Kaap



Die Kasteel in Kaapstad dateer nog uit die tyd van die VOC

Die Wes-Kaap lê aan die suidwestelike punt van Afrika. Hierdie provinsie is bekend vir sy berge, natuurskoon en mooi strande. In die Knysna-Tsitsikamma-streek is ons land se grootste inheemse woud. Oudtshoorn is bekend vir sy volstruise en die Kangrogrotte. Die Swartlanddistrik is bekend vir sy koringlande. Daar word ook baie druive verbou, die provinsie is een van die wêreld se grootste wynprodusente.

Kaapstad is die hoofstad en is ook die moederstad van Suid-Afrika want dit is hier waar Jan van Riebeeck in 1652 geland het. Ander belangrike dorpe in hierdie provinsie is Kaapstad, Knysna, George, Beaufort-Wes en Mosselbaai.

Die Kasteel in Kaapstad is een van die oudste geboue in Suid-Afrika en is vandag 'n monument. Ander belangrike besienswaardighede is die Hugenote-museum, die Afrikaanse Taalmonument en die museum op Robbeneiland. Robbeneiland was vir baie jare 'n gevangenseiland waar Nelson Mandela ook aangehou is.

Van die bekendste natuurreservate is Kaap die Goeie Hoop Natuurreservaat, Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuine, en Tsitsikamma Nasionale Park.

Die Wes-Kaap is die land se gewildste toeristebestemming.

10.9 Noord-Kaap



Woestyne en halfwoestyne

Die Noord-Kaap lê in die noordwestelike deel van Suid-Afrika. Dit is die grootste provinsie en ook die een met die minste mense. Namibië en Botswana is sy noordelike buurstate. Die Oranjerivier is die Noord-Kaap se belangrikste rivier. Die Augrabies-watervalle is ook in hierdie rivier.

Die Noord-Kaap is 'n droë halfwoestyng gebied. Dit

reën baie min hier. Namakwaland is bekend vir sy blomme in die lente. Kimberley is die hoofstad en ander bekende dorpe is Upington, Colesberg, Prieska en Springbok.

Twee bekende reservate is die Kalahari Gemsbok Nasionale Park en die Augrabies Nasionale Park.

Kimberley se gat is die grootste handgemaakte gat in die wêreld. Die stad was vir baie jare die wêreld se grootste diamantprodusent en vandag is daar nog 'n hele paar diamantmyne in die omgewing.

11. Die klimaat van ons land

11.1 Die verskil tussen weer en klimaat

Op die televisie se weerberig en op die weerkaarte in die koerant kan ons elke dag sien hoe die weer verander. Weerstoestande soos temperatuur, sonskyn, wind en vog in die lug verander elke dag. As ons dus van die weer praat, bedoel ons die weerstoestande wat elke dag verander.

As ons nou oor 'n lang tyd elke dag alles van die weer meet wat verander, kan ons agterkom wat die klimaat van 'n sekere gebied of land is. Klimaat is die gemiddelde weerstoestande oor 'n lang tydperk, soos 'n jaar of 'n aantal jare.

11.2 Wat kan 'n land se klimaat beïnvloed?

Daar is somer baie dinge wat 'n land se klimaat kan beïnvloed, maar ons gaan na net drie kyk:

- Die land se ligging op die aardbol
- Seestrome
- Die bou van die land.

Die land se ligging op die aardbol

Die son se strale skyn die warmste op die middel van die aardbol, daar waar die ewenaar is. Die lande rondom die ewenaar is almal baie warm omdat die son hier die meeste skyn. Dit reën ook gewoonlik baie daar. Ons sê hierdie lande is tropiese lande.

Die son skyn die minste op die pole. Daarom is dit daar baie, baie koud en alles is verys!


Suid-Afrika lê in die warm, gematigde subtropiese gordel. Ons het baie sonskyn met 'n droë klimaat.

Seestrome

Langs die ooskus van ons land, vloei die warm Agulhasseestroom. Dit kom van die ewenaar af waar dit baie warm is. Bokant hierdie warm seestroom is daar warm lug en baie vog word deur winde na die land toe gewaai. Die dele van ons land aan die ooskus is dus lekker warm en kry taamlik baie reën.

Langs die weskus van ons land vloei die koue Benguelaseestroom. Probeer maar gerus in die Kaapse see swem! Dit is somer lekker koud. Hierdie seestroom kom van die yskoue Suidpool af. Die lug bokant hierdie seestroom is koud en het nie soveel vog dat dit reën kan bring nie. Daarom is die westelike dele van ons land droog.


Waar die Indiese en die Atlantiese oseane ontmoet (Kaap Agulhas), bots die warm en koue lug met mekaar en dit veroorsaak dat daar 'n deel aan die suidpunt van ons



land is waar dit dwarsdeur die jaar reën. Daar is ook 'n deel aan die suidpunt van ons land waar dit net in die winter reën. Ons noem dit 'n mediterrreense klimaat, want hierdie winterreënval-klimaat is baie soos die klimaat van die lande rondom die Middellandse See. Die res van die land kry in die somer reën.


Die bou van die land

As 'n mens na 'n omgekeerde piering kyk, kom jy agter hoe die topografie van ons land werk. Die deel reg langs die see is die laagste en dit noem ons die kusvlakte. Dan begin die land styg en moet ons oor berge na die hoër dele van ons land ry. Die berge noem ons die platorand. Die plato is soos die plat gedeelte van die omgekeerde piering, behalwe dat party gedeeltes tog nog hoër is as ander! Hoe hoër, hoe kouer! Bo-op die Drakensberge sneeu dit in die winter. Die Vrystaat lê 'n bietjie hoër as Gauteng. Die Vrystaters bibber meer as Gautengers in die winter en hul somers word nie so warm soos Gauteng s'n nie.



12. Berge en riviere

Ons gaan nou leer wat is die name van die berge waaruit ons land se platorand bestaan. In die berge ontspring daar ook riviere. Ons gaan ook ons belangrikste riviere se name leer.




13. Plantegroeiastreke en aanpassing van plant en dier

13.1 Waarom plante en diere moet aanpas

Dit is ongelooflik om te sien hoe aanpasbaar die Here die plante en diere van sy skepping gemaak het. Plante moet aanpas by die klimaat van die streek waar hulle groei. As dit baie min reën, stoor hulle vir hulself water in hulle blare of wortels. Hoe warmer en vogtiger dit is, hoe ryker die plante- en dierelewe en hoe groter die verskeidenheid.

Diere pas ook aan by die klimaat. Ek en jy sal stokstyf vries as ons in die toendra-gebied (net onder die Noordpool) buite moet slaap. Maar hierdie diere het óf 'n ekstra vetlaag, soos die robbe en pikkewyne, óf hulle het 'n dik of dubbele laag pels. Die poolvos het 'n "onderbaadjie" van sagte, wollerige hare en 'n "bo-baadjie" van dik, olierige waterbestande pels. Die sneeuhoender het in die somer gespikkelde bruin vere, maar in die winter kry hy weer 'n spierwit jassie sodat hy in die sneeu goed gekamoefleer is.


Ons gaan nou kyk hoe die plante en diere in ons land ook by die klimaat aanpas.



13.2 Die verskillende plantegroeiastreke

Die volgende plantegroeiastreke word in ons land aangetref:

- Mediterreense plantegroei
- Gematigde woud
- Grasvlaktes
- Savanne
- Halfwoestyn (steppe-plantegroei)
- Woestyn



13.3 Mediterreense plantegroei

In hierdie gebied in die Oos-Kaap is wel 'n bietjie oorblyfsels van natuurlike woude, maar die mees algemene plantegroei is digte, immergroen struik wat ons fynbos noem. Baie fynbos plante, soos die boegoe, het 'n skerp kruiegeur. Op Tafelberg en die omringende Kaapse Skiereiland is daar 7300 soorte fynbos, waaronder 1000 soorte madeliefies, 600 irisse en 400 lelies. Tafelberg het meer plantspesies as die hele Groot Brittanje. Van die bekendste plantsoorte wat hier voorkom is die koningsprotea, ons nasionale blom, en die rooi disa.



Tafelberg: tuiste van 7300 soorte fynbos



Disa



Protea

13.4 Die gematigde woude

Suid-Afrika het nie baie natuurlike woude nie. Heelwat van wat ons wel gehad het, is al uitgeroei. Die grootste woudegebied is die Knysna woude, 'n strook vanaf George, deur Knysna, tot in die Humansdorp-distrik. Dit is 180 km lank en 16 km breed. Hier kan dit dwarsdeur die jaar reën. Drie van die soorte bome wat hier groei, is stinkhout, ysterhout en geelhout. Stinkhout is gebruik om die Voortrekkers se ossewaens te maak. Dit is sterk, swaar en duursaam. Veral die geelhoutbome word baie groot - tot 42 meter hoog en 10 meter in omtrek.

Omtrent 'n eeu gelede was daar nog omtrent vyfhonderd olifante in die Knysnabos, maar nou is niemand eers seker of daar dalk nog een of twee oor is diep in die bos nie. Daar is egter nog volop voëls en wilde diere soos luiperds, bobbejane, bosvarke, duikers, apies, ratels en otters. 'n Bekende voël wat hier voorkom, is die Knysna loerie.




Die Knysnawoude

Langs die oostelike hange van die Drakensberge waar dit baie reën, is daar ook dele waar klein oorblyfsels van natuurlike woude voorkom. Daar is ook natuurlike woudegebiede aan die oostekant van Mpumalanga en Limpopo.

13.5 Grasvelde

Feitlik die hele oostelike gedeelte van die binneland is met grasvelde bedek. Dit sluit die Vrystaat, Gauteng, Noordwes, die oostelike dele van die Noord-Kaap en die hoogliggende dele van KwaZulu-Natal in. 'n Ander naam vir die plato wat so met grasvelde bedek is, is die Hoëveld.

Vroeër jare was daar groot troppe bokke en ander wild wat op die grasvelde gewei het, maar nou is alles plase wat bewerk word of waar boere vee wat in die veld wei, aanhou. In dele waar die veld oorbeweid word of waar daar baie brande was, groei daar ongelukkig grassoorte wat nie so voedsaam is nie.



13.6 Savanne


Die grootste deel van Limpopo en Mpumalanga is savannestreek. Ons praat ook dikwels van die Bosveld. Dit beteken dat daar bome groei met gras tussenin. Die oostelike deel van hierdie streek noem ons ook die Laeveld, want hier daal die land weer na die see se kant toe. Dit is lekker warm en dit reën baie. In die noordelike dele reën dit minder. Van die bome wat hier voorkom, is mopanie, kiepersol, koorsbome en die reuse kremetartboom.

Die Krugerwildtuin is in die noordoostelike gedeelte van Limpopo. Hier kan ons sien hoe ons hele land vroeër jare gelyk het, met groot troppe rooibokke en ander boksoorte, blouwildebeeste, sebras, leeus en nog vele meer. Die diere en voëls van die Krugerwildtuin pas ook aan by die soorte plantegroei wat in die verskillende dele voorkom. Leeus hou byvoorbeeld meer van oop grasvelde waar hulle hul prooi makliker kan vang. Grysbokkies skuil in digte struik en kameelperde se kolle kamoefleer hulle as hulle bome se blare vreet.

13.7 Halfwoestyn

Die grootste deel van die Noord-Kaap bestaan uit halfwoestyn of semi-woestynplantegroei. Veral die Karoo is 'n bekende semi-woestynstreek. Die grond is droog en klipperig en daar is net klein struik en bossies wat nie dig teen mekaar groei nie. Daar is ook vetplante wat vog in hulle vlesige blare en wortels stoor. Verskillende aalwynsoorte kom hier voor. In die droë spruit- en rivierbeddings groei kareebome.

Sade kan jare lank in die droë grond lê en wanneer dit reën, ontkiem dit vinnig en maak pragtige blomme. Dit sien ons veral in Namakwaland, waar die Namakwaland-madeliefies met allerhande kleure blomtapyte maak vir 'n paar weke elke jaar.



Halfmensboom




Namakwaland madeliefies

'n Interessante boom wat hier groei, is die halfmens. Die Khoi-Khoi het dit so genoem want hulle het gedink dit is half mens en half plant. Die dik, vlesige takke wat soos arms lyk, stoor water vir die plant. Vandag is hierdie plant baie skaars.

Die Kalahari is ook 'n halfwoestyn omdat dit wel 'n kort reënseisoen het, maar dit verskil van die Karoo. Die sand is rooi of goudkleurig as gevolg van die minerale daarin. Die grootste gedeelte van die jaar is dit baie, baie droog. Die geharde kameeldoringboom groei hier en daar, en selfs die boesmangraspolle staan nie dig teen mekaar nie.

13.8 Woestyn

Die enigste strokie woestyng gebied in Suid-Afrika kom voor langs die weskus, die deel wat aan Namibië grens. Dit is die begin van die Namibwoestyn, waar Namibië sy naam vandaan kry. Dit reën hier baie, baie min - sommige jare reën dit glad nie. Hier en daar groei klein struike of vetplante. Woestynplante het dikwels slegte sappe of skerp dorings om hulle teen diere te beskerm wat hulle wil opvreet. Hulle kry die meeste van hulle vog van die mis wat die wind vanaf die Atlantiese Oseaan inwaai.



Welwitschia

'n Baie bekende en interessante plant van die Namib is die Welwitschia. Dit kan tot 2 000 jaar oud word en het eintlik net twee blare wat aanhou en aanhou groei. Hierdie twee blare skeur mettertyd om soos 'n klomp blare te lyk.

Dit is baie interessant om te sien hoe die woestyndiere geskape is om in die droë woestyn te oorleef. Bokke en selfs hiënas eet die ronde tsammas, wat amper soos 'n soort waatlemoen is, en kry daaruit lekker vog. Daar is 'n soort kewertjie wat in die mis gaan staan met sy agterlyfie omhoog. As die waterdamp op sy agterlyfie kondenseer, loop die waterdruppeltjies met sy lyf af tot in sy bek. Roofvoëls kry genoeg vog uit hulle prooi. Kangaroerotte en woestynmuise kry al die vog wat hulle nodig het uit die sade wat hulle vreet, asook 'n takkie hier en 'n blaartjie daar. Hul mis is kurkdroog, want hulle liggame gebruik elke druppel vog.



In die woestyn is dit bedags verskriklik warm en daarom kom die meeste woestyndiere in die nag uit om kos te soek. Baie diertjies graaf vir hulle gate onder die grond waarin hulle bedags lê. Slange en akkedisse is koudbloedig en moet ook ondergronds skuil as dit so warm is. In die nag kan dit egter baie koud word.

Die webpootgeitjie van die Namib en Noordwes-Kaap kom snags buitentoe. In misweer versamel hy die druppeltjies wat op sy lyf gekondenseer het.



Die sanddarter van die Namib begrawe homself in die sand om sy prooi voor te lê. Die sand beskerm hom ook teen die hitte.